

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

1935 VOL 377 PG 21803 - 21872

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-11

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 377

(Bladsye 21 803 - 21 872)

COURT RESUMES ON 11 APRIL 1988.

MBULAHENI MOKWEBO, d.s.s. (Through interpreter)

MR TIP : All the accused are present. May I approach your lordship in respect of accused no. 14. He is before your lordship today, but has developed a problem with his eyes. He saw a doctor on Friday. He has a specialist appointment for tomorrow at 14h15, but the specialist has required that he sees a general practitioner beforehand today. If your lordship would consent. He has an appoint for 11h00 today.

COURT : Permission is granted to be absent. (10)

ACCUSED NO. 14 IS EXCUSED.

FURTHER EXAMINATION BY MR TIP : Mr Mokwebo, we had come to the point in your evidence before the easter recess of discussing what happened at the meeting held at the Tembisa High School at which you were present. Do you recall? -- Yes, I still recall that.

And you had concluded on the note that there were different attitudes expressed to the desirability of SRC's at the school? -- That is true.

If we can go on. Was there a committee elected at the (20) end of this meeting? -- Yes, there was a committee which was elected.

And what was the name of that committee? -- Parents teachers interim committee.

How many members did it consist of? -- We were ten in all. I was one of the members in that committee.

Do you recall the names of any other persons that were elected? -- Even though I cannot remember everybody, I remember Mr Namane who was the chairman of the Tembisa High School committee. He was also elected. He was the chairman of (30)

this/...

this committee in which I was serving, the one which was elected at this meeting.

What was the task set for this committee? What was its duty? -- The task of this committee was with reference to the problems which were being experienced by the children, that this committee shall have to do something in having the problem solved in the sense that the committee shall have to go and meet with the inspectors and plead with the inspectors that they, the inspectors, must accept what the children are asking for in order to have the situation controlled and (10) solved.

Was the committee given any immediate task? -- Yes, the immediate task was that some members of this committee were to be chosen to go as a delegation from the committee to go and speak to the person in charge of the police, that is at Tembisa police station to withdraw the police from the township. Not necessarily in the township but from the premises of the school.

You yourself did not go to the police station. Is that correct? -- No, I was not one of the people who were chosen(20) to go to the police.

But can you tell his lordship from your own observations whether the position with the police on the school grounds changed after that? -- Yes, as a committee member who was supposed to keep the situation under observation I noticed that the police were being withdrawn from within the premises of the school but were still patrolling outside the premises.

Did you yourself attend any meetings between the parents interim committee and education officials? -- Yes, I attended one of the meetings because there were two meetings that (30)

were/...

were held. I was present at one meeting which was held with the inspector Mr Pretorius which meeting was held in Kemptonpark.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : School inspector? -- School inspector, yes.

MR TIP : Could you describe to his lordship very briefly what happened at that meeting and what its result was? -- At this meeting we pleaded with Mr Pretorius for the acceptance of the request by the children so that we the committee
... (Court intervenes)

COURT : That is now for SRC's? -- That is true, because (10) it was explained to us by the children that the SRC was something which was to be there and in order to exercise some control over school children and therefore we pleaded with the inspector to accept that request by the children, that is the formation of this body on the school premises. We as a committee at the same time realised that some members of this committee did not agree with that idea of the formation of the SRC's saying that the feeling is that there is a possibility that children are going to be at their own without any control, they will just do what (20) they want to do without being controlled if the SRC's were allowed. As a result of which Mr Pretorius said well, I do not have that kind of powers to say anything about that. You people must arrange another meeting in order to see somebody senior to me, namely Mr Scholtz.

After your meeting with Mr Pretorius, were the results of that meeting communicated to anybody? -- Yes, we had three high schools there and therefore two representatives of each high school were called by this committee to whom a report was made about the meeting which was held with the inspector (30)

which/...

which then was supposed to be made known by the representatives to the school children. It was said to them that we are still going to hold another meeting with somebody senior to Pretorius.

The meeting with Mr Scholtz, were you present at that meeting? -- No, I was not present at that meeting. I only got to know about what happened at this meeting later.

Was there a similar report to the student representatives after the Scholtz meeting? --Yes, the student representatives were called to a report back meeting where they were told what happened at this meeting. (10)

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Were you there? -- Yes, during the report back meeting I was present.

MR TIP : What was the report given to the student representatives, the essence of it? -- Yes, the report back was that the parents, namely the committee, try its utmost by meeting these officials from the education department who in turn said that it is unfortunate that they cannot allow that that this body be formed which body will have to exercise some duties about students. After this report back was made to the student representatives, then a request was made to them by (20) the committee on behalf of the parents that they as representatives are being asked to go and speak to the other children to go back to school which is in fact the feeling from the parents as parents that this must be done. That the other students must go and ask the majority of the children to go back to school.

Did the student representatives present react at all to that request? -- Yes, their reaction here was that they are going to tell the school children from the different schools because they are also sent by them as a delegation and (30) they/...

they will hear what the feeling is from the school children.

After this, did the parents interim committee remain in existence? -- No, immediately when we realised that what we have been elected for as a committee was a failure, the committee immediately stopped functioning and as a result dissolved.

What happened with the boycott situation in Tembisa thereafter? -- As a resident there I became aware of the spreading of this boycott, which was spreading to the higher primary and lower primary schools. (10)

And on the strength of your own observations as a resident in Tembisa, can you tell his lordship anything about the situation generally in Tembisa thereafter? -- What I noticed thereafter is that children did not go to school and there was some fighting and things that were happening were just things that one cannot approve of. For instance fighting in the sense that the police were fighting the school children. They were armed with sjamboks. It later became apparent that the councillors' houses were being attacked, they were being burnt and some people were being assaulted. By the end of (20) August the house of the chairman of the committee, that is the interim committee Mr Namane was set alight. Later on some other houses as well were also attacked. That is houses of the people who were serving as members of this committee, including Mr Mothiba's house who was the mayor of the township and the buses were also being set alight. The house of Goba Ndlovu was also burnt including his car which was in the garage on the premises.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Who was he again? -- He was the chairman of the Tembisa Civic Association. (30)

MR TIP : Do you recall in what month his house was attacked?
-- If I still remember well that was during September 1984.

I should have asked you this before. Could you tell his lordship please more or less when it was that the parents interim committee stopped meeting, when it went out of existence?

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Mr Tip, I am sorry to interrupt, are we still referring to the same committee? Parents teachers interim committee?

MR TIP : That is the same. That is the one I refer to. (10) Yes, certainly. Parents teachers interim committee. -- If my memory serves me well, that was still in August because the meetings were held in short time. So, therefore I think it was still in August.

I want to go on to two concluding aspects very briefly. Do you know anything about an organisation known as Tembisa Youth Organisation? -- I heard about the existence of this Tembisa Youth Organisation but I did not know who they were and what they were doing, except to hear about their existence.

Can you recall when you first heard about their existence? -- When I started hearing about this name of the organisation it was during 1985.

Do you know anything about the MOYA youth? -- All I heard about that was that this was a youth from the Catholic Church. What it was doing that I did not come to know.

KRUISONDERVAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mokwebo, ek wil net duidelikheid by u kry. U het vir die hof vertel dat u het Tembisa Civic Association se vergaderings bygewoon? -- Ja, dit is die waarheid.

Laat ons net duidelikheid kry, want ons het nie (30) duidelikheid/...

duidelikheid daaromtrent nie. Wat se soort vergaderings het u bygewoon? Was dit massa-vergaderings? -- Soos ek alreeds gesê het, die vergaderings was by die skool gehou en die bywoning daarvan was nie beperk nie, dit was vir wie ook al gevoel het om die vergadering by te woon van die inwoners.

Laat ons duidelikheid kry. Was dit vergaderings waar die massas uitgenooi was na die vergaderings nie, waar daar pamphlette opgesit is waar dit geadverteer is dat daar verskillende sprekers van verskillende organisasies gekry is om daar te praat? -- Nee, dit het nie op daardie manier gewerk nie.(10)

Was dit komiteevergaderings van TCA, ek sal die afkorting gebruik TCA? -- Dit was die komiteevergaderings van TCA met die mense wat klagtes gehad het wat die klagtes bekend wou gemaak het aan die vergadering waar die TCA met die raadslede bymekaar gekom het.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry nou. Het die komitee van TCA mense genooi om by hulle klagtes te kom lê sodat hulle die klagtes verder kon opneem? -- Ja, dit is eintlik wat die TCA gesê het, maar die verteenwoordigers van die TCA van die verskillende wyke het toe vir die mense soos volg gesê, dat(20) julle kan vir ons kom sê wat die klagtes is wat dan by die komitee oorgedra sal word om uitgevoer te word deur die komitee of as julle in staat is om die vergadering self by te woon, kan julle self kom na die vergadering toe waar die komitee gaan vergader.

MNR. JACOBS : Was jy teenwoordig gewees toe die verteenwoordigers van die verskillende wyke vir die mense so gesê het? -- Soos ek alreeds in my getuienis gesê het dat ek 'n lid was van TCA. Ek is een van daardie verteenwoordigers wat dit self gedoen het om mense na die vergadering toe te nooi om die (30) klagtes/...

klagtes daar bekend te kom maak in plaas daarvan om vir my daarvan te sê.

Ons het dit nou dat jy het dit gedoen, maar jy was nooit teenwoordig dat 'n ander een, 'n ander lid van 'n komitee dit gedoen het nie? -- Dit is reg. Ek was nie teenwoordig waar 'n ander verteenwoordiger dit gedoen het nie. Wat wel bekend was is dat ons almal op dieselfde manier, op dieselfde basis gewerk het.

As u nie teenwoordig was nie, wil ek dit aan u stel dat u kan nie vir die hof kom sê wat ander mense gedoen het (10) of nie gedoen het nie? -- Al was ek nie daar nie, by die vergadering het dit duidelik geword waar ons almal teenwoordig was dat ons almal dieselfde prosedure gevolg het. Byvoorbeeld dat mense die klaers saamgebring het na die komiteevergadering toe of dat daardie persoon die klagtes self aan die komitee oordra van die inwoners.

Dit is afleidings wat jy maak, hè?

HOF : Ja.

MNR. JACOBS : Ek wil net vir jou vra, vertel vir die hof wat jy persoonlik weet, nie wat jy gehoor het van ander (20) mense nie.

HOF : Is u nou heeltemal billik teenoor die getuie, want u vra vir die getuie hoe het die ding gewerk. Nou verduidelik hy vir u mooi hoe die ding in mekaar sit. Nou blameer u hom omdat hy vir u verduidelik hoe die ding in mekaar sit?

MNR. JACOBS : Nee, ek het vir hom iets anders gevra, toe het hy met 'n verduideliking gekom, met alle respek, waar hy vertel het wat hy nou gehoor het van die ander mense. Dit is toe ek vir hom gevra het of hy teenwoordig was.

HOF : Ja.

(30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Ek sal weer my vraag herhaal. Die vergaderings van die TCA wat jy bygewoon het, was dit slegs komiteevergaderings van TCA? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het die bywoning van die vergaderings was oop vir almal, wie ook al gevoel het om dit by te woon. Dit is om daardie rede dat ons dan lede van die inwoners ook saamgebring het na die vergaderings toe.

Kom laat ek dit vir jou so vra. Was daar suiwer komiteevergaderings waar die komitee alleen gesit het wat gehou was deur TCA? -- Ek het net daarvan gehoor. Byvoorbeeld die besturende komitee se vergaderings wat ek nie bygewoon het (10) nie. Dit is waar ek nou gehoor het dat daar net suiwer lede was en niemand anders nie.

So, ons het dan duidelik suiwer komiteevergaderings van TCA het jy nie bygewoon nie, massa-vergaderings wat hulle georganiseer het, het jy ook nie bygewoon nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek weet van geen vergadering wat 'n mens as 'n massa-vergadering kan bestempel wat deur TCA gehou was nie, behalwe die vergaderings waarvan ek alreeds gesprok het wat ons by die skole gehou het.

Kom ons gaan 'n bietjie in op hierdie derde vergaderings (20) waarvan jy praat. Het TCA 'n kantoor van hulle eie gehad? -- Gedurende daardie tyd het hulle nie 'n kantoor gehad waarvan-daan hulle gewerk het nie.

HOF : Het hulle ooit een gehad? -- Ja, op 'n stadium het dit bekend geword dat daar 'n plek was wat gebruik word as 'n kantoor van TCA en Tembisa.

MNR. JACOBS : Wanneer was dit? -- Dit is later. Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as ek reg onthou, was dit na die oprigting van die geboue van Tembi Shopping Centre, wat ek nou nie meer presies kan onthou wanneer dit opgerig was (30)

nie/...

nie.

En is dit nie so dat wanneer mense met klagtes gekom het is hulle klagtes net geneem nie? Daar is nie vergadering gehou daaroor nie? -- By die vergaderings waar ek teenwoordig was, het die mense gekom en gekla en dan sou die komitee gesê het "Kyk, ons het nou die klagtes gekry waарoor julle kla. Op so 'n dag gaan ons 'n vergadering hou met die raadslede." Partykeer het hulle teruggekom en gesê "Kyk, ons gaan nou 'n terugvoeringsvergadering hou om vir julle te sê wat die raadslede gesê het en wat gevolg moet word om daardie probleem opgelos(10) te kry."

Hierdie terugvoeringsvergadering wat gehou was, was dit dan net vir hierdie mense wat die klagtes ingedien het wat na hierdie vergadering toe gekom het of hoe het dit gewerk? -- Nee, dit was nie net vir daardie mense bedoel nie. Enigeen by daardie vergadering teenwoordig het die reg gehad om die mense by die wyk te gaan sê waar hy of sy woon wat die terugvoeringsvergadering gesê het aangaande daardie tipe van 'n klagte.

Is dit nie so nie, ek wil op hierdie stadium van jou (20) hoor, dat die Tembisa Civic Association het glad nie daarin geglo om te onderhandel met die raadslede nie. Hulle het die raadslede verwerp? -- Soos ek alreeds gesê het wat my rede was hoekom ek aangesluit het by hierdie Tembisa Civic Association en ek dit aanvaar het as 'n organisasie van vrede, is omdat dit nie bereid was om enige geweld te gebruik nie. Hulle was bereid gewees om met hierdie mense om 'n tafel te gaan sit en te praat.

Ek wil dit aan jou stel dat jy is juis verkeerd daarmee om te sê, jy ken, soos ek dit verstaan, omtrent niks van die (30) doelstellings/...

doelstellings en aktiwiteite van hierdie organisasie Tembisa Civic Association nie, behalwe wat hier op 'n losse grond wat jy bygewoon het waar hulle klagtes ontvang het nie? -- Ek stem nie saam met u nie, want as daar ander dinge was waarvan ek nie geweet het nie, sou ek later daarvan geweet het, maar ongelukkig het dit nie gebeur nie. Ek het daarvan geweet dat hulle vergaderings gehou het met die raadslede en die terugvoeringsvergaderings het ek van gehoor en wat alles gedoen was deur hulle het ek van geweet omdat dit ook in die koerantberigte was.

HOF : Kan ons nou net duidelikheid kry. Waarvan praat ons?(10) Kyk, op 'n stadium was daar 'n TCA in Tembisa toe daar nog nie 'n UDF bestaan het nie? -- Ja, dit is die waarheid.

En ek weet nie of u gesê het of nie gesê het nie dat hulle geaffilieer het nie. Weet u of hulle geaffilieer het? -- Soos ek al vroeër gesê het wat ek van weet is, terwyl ek nog daar betrokke was, die TCA was nog nie geaffilieer met die UDF nie.

En u was eintlik betrokke tot die einde van 1983? -- Dit is die waarheid.

MNR. JACOBS : Laat ek dit net duidelik kry. Sedert wanneer het jy so die vergaderings van Tembisa Civic Association bygewoon? -- Ek kan sê sedert 1981 na dit aan my verduidelik was wat dit was, het ek die vergaderings bygewoon tot en met die einde van 1983.

Hoe gereeld het u die vergaderings bygewoon? Op 'n maandelikse basis of 'n weeklikse basis? -- Dit het afgehang. Partykeer een maal 'n maand of partykeer een keer in twee maande se tyd het hulle 'n vergadering gehad.

Was hierdie vergaderings vooraf geadverteer? -- Ja, dit het gebeur, maar dit was mondelings. Mense het vir ons kom sê van 'n vergadering wat gehou gaan word op 'n sekere datum by (30)

h sekere skool.

Ek wil op hierdie stadium dit net duidelik kry. Ek sal weer op hierdie ding terugkom. Toe hierdie verslae gedoen is op hierdie vergaderings, was dit net gedoen oor die klagtes aan die mense, die verslae, of was die verslae wat daar gedoen is aan die mense ook oor nader aspekte? Ander aspekte rakende die aktiwiteite van Tembisa Civic Association? -- Wat ek wel kan sê is dat hulle gepraat het van die vordering wat verwag word en dan toe verslag gedoen oor wat die raad gesê het aangaande die klagtes wat oorgedra is deur hulle aan die raad. (10) Dan het hulle miskien ook gepraat van die huise wat benodig word byvoorbeeld en die toestand van die huise en die emmersisteem en dat hulle gepraat het dat hulle wil weet wat die gevoel van die inwoners is aangaande dit.

Het hulle ook oor ander aktiwiteite waarin die Tembisa Civic Association betrokke was verslag gedoen op hierdie vergaderings? -- Wat ek van geweet het is dat hulle te doen het met die woonbuurt Tembisa en die inwoners van die gebied. Hulle het dit ook bekend gemaak dat die organisasie is nie 'n politieke organisasie nie, maar die gemeenskap se organisa- (20) sie.

Weet jy wanneer is UDF nasionaal geloods? -- As ek nog reg is, volgens die koerantberigte wat ek gelees het, was dit in 1983, ongeveer Augustusmaand van daardie jaar.

Voor die UDF ge"launch" is of geloods is, het Tembisa Civic Association enigsins op vergaderings verwys na die loodsing van UDF dat hulle dit sal bywoon of enigiets van die aard? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie, nie eers by een vergadering wat ek bygewoon het nie.

En ook nie na die loodsing van die UDF dat hulle (30) verslag/...

verslag gedoen het op enige van die vergaderings omtrent die loodsing van UDF nie? -- Ek sal u sê, by 'n vergadering wat gehou was na die loodsing van die UDF, het iemand 'n vraag gevra daar in die vergadering en verneem of TCA geaffilieer is aan UDF en die antwoord was dat dit nie die posisie was nie. Dit is hoe ek dit geweet het dat TCA nie geaffilieer was aan UDF nie.

Was dit daar op daardie vergadering toe dit gevra was, enigets gemeld en gevra of TCA by die loodsing van UDF was? -- Ek het niemand gehoor daarvan praat nie, maar na my (10) mening indien daar enige verteenwoordigers van TCA was by die loodsing van UDF dan sou TCA geaffilieer gewees het by UDF. Om daardie rede dat dit nie geaffilieer was nie, sê ek dat daar niemand was nie.

Jy sien, ek wil dit direk aan jou stel jy is besig om vir die hof onwaarhede te vertel of jy suig dinge uit jou duim waarvan jy nie weet nie, want Tembisa Civic Association was amptelik by die loodsing van UDF op 20 Augustus 1983 in Kaapstad en hulle is een van die stigterslede van UDF nasional? -- Soos ek alreeds gesê het, volgens wat ek by die vergadering gehoor het, is dit wat ek vir die hof vertel het, naamlik dat TCA nie geaffilieer was aan UDF nie.

As jy kyk na BEWYSSTUK A1 op bladsy 60, 'n dokument wat uitgegee is deur UDF in die vierde kolom word dit daar spesifiek genoem onder die "civic associations" dat Tembisa Civic Association een van die organisasies was wat daar was by die stigting van die UDF? Sien jy dit? -- Ja, ek sien dit, maar ek het geen kennis daarvan nie. Ek praat waarvan ek kennis gehad het.

Sal jy dan saamstem, ons kan miskien jou kruisondervraging (30) heelwat/...

heelwat korter sny, dat jy het eintlik baie min geweet van die politieke sy van Tembisa Civic Association? -- Ek sal dit nie betwis nie, want waarvan ek weet is dit waarvan ek bewus is wat gebeur het met Tembisa se inwoners. Dus sal ek nie dinge betwis waarvan ek nie op hoogte is nie.

Wat meer is, jy is verder verkeerd want Tembisa Civic Association het nie in 1981 tot stand gekom nie, maar het Maartmaand 1983 tot stand gekom? -- As 'n inwoner van Tembisa sê ek dit met sekerheid. Ek het daarvan bewus geword in 1981. Dit kan wees miskien dat dit aan ander mense bekend geword het (10) wettig in daardie tyd, maar dit was alreeds aan my bekend.

Ek wil dit aan u stel dat daar was op 12 Maart 1983 'n vergadering gehou by die St Vincent Rooms Katolieke Kerk in Tembisa? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Dit is baie eienaardig dat jy nie eers weet as hulle 'n massavergadering adverteer deur pamphlette wat plaasgevind het in Tembisa nie? -- Ek sal dit nie betwis nie. Ek praat waarvan ek weet. Ek weet nie daarvan nie.

Dit was die stigtingsvergadering, stel dit aan jou, van Tembisa Civic Association? -- Ek het alreeds gesê ek sal dit (20) nie betwis nie, maar ek het begin hoor van die bestaan van die organisasie in die jaar 1981.

En ek wil dit oock aan u stel u kon ook nie van 1981 tot 12 Maart 1983 enige van die vergaderings bygewoon het wat u vir die hof hier beskryf het nie? -- Die vergaderings waarvan ek praat is vergaderings wat in daardie tydperk gehou was.

En ek wil dit ook aan u stel dat die komitee, die bestuur van TCA was gekies op 12 Maart 1983? -- Ek ontken dit nie, want dieselfde mense waarvan ek bewus is as die besturende komitee was daar gewees as lede van die besturende komitee tot en (30)

met/...

met die einde van 1983 toe ek nou my betrokkenheid daar onttrek het.

Is dit nie so nie dat daar was 'n persoon met die naam van Brian Mazibuko wat ook baie aktief was in die Tembisa Civic Association? -- Ja, daar was. Hy is nou oorlede.

Op hierdie dag, 12 maart 1983 was hy nog gekies op die bestuur van Tembisa Civic Association? -- Soos ek alreeds gesê het die vergadering waarna verwys word van 12 Maart het ek nie bygewoon nie. Ek het daarvan geweet, ek het bewus geword daarvan dat hy, Brian Mazibuko, by die "steering" (10) komitee gewees het.

En ek wil dit aan u stel dat hierdie vergadering van 12 Maart 1983, waar dit geadverteer was, was daar verskillende sprekers geadverteer van verskillende organisasies wat daar opgetree het? -- Ek het alreeds vir die hof gesê die datum van 12 Maart 1983 se vergadering het ek nie bygewoon nie. Ek was besig met my vader se begrafnis. So, ek kon nie daardie vergadering bywoon nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Daar is iets wat nie duidelik is nie. Watter "steering" komitee praat u nou van? U sê u(20) was bewus dat Mazibuko op die "steering" komitee was? -- Nee, dit was net 'n fout wat ek gemaak het. Wat ek bedoel het was die besturende komitee. Hy was 'n lid daarvan.

O, besturende komitee? -- Ja.

MNR. JACOBS : Jy was dan bewus van hierdie vergadering van 12 Maart 1983 maar jy kon dit nie bywoon nie omdat jou vader se begrafnis daardie dag was? -- Nee, nee, nee, dit is nie dat ek sê ek was daarvan bewus nie. Ek sê as dit die datum is waarvan u praat dat die vergadering gehou was, onthou ek daardie datum, want dit is die datum waarop ek besig was met (30)

my/...

my vader se begrafnis.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, jy was bewus daarvan en jy het ook geweet wie die sprekers van die ander organisasies is en onder andere beskuldigde nr. 16, Tom Manthata was 'n spreker op daardie vergadering? -- Ek sal nie van iets praat waarvan ek nie weet nie of enige kommentaar lewer oor 'n ding waarvan ek nie bewus is nie.

Ek wil jou na nog 'n vergadering verwys wat gereël was deur die aksiekomitee of die TCA.

HOF : Wat is nou die vraag? Is dit van die TCA wat u praat(10) of van 'n ander ding wat 'n aksiekomitee is?

MNR. JACOBS : Dit is iets anders waarvan ek praat, nie die TCA nie. Kan u onthou, was daar op 3 Februarie 1983 'n vergadering gehou in Tembisa, 'n massavergadering? -- Deur wie gehou?

Dit was gehou daarso met die doel om 'n plan van aksie te bespreek teen huur, bustariewe en ook teen swart plaaslike besture? -- Ek het al vroeër vir die hof gesê dat ek nooit 'n massavergadering bygewoon het nie. Ek het wel klein vergaderings bygewoon. Dit waarvan u nou praat weet ek nie van (20) nie.

Het jy nooit gehoor, nooit pamphlette gesien wat so 'n vergadering adverteer en die sprekers adverteer nie en ek wil dit aan jou stel dat dit was 'n groot vergadering wat daar gehou was? Laat ek dit net duidelik kry, ek het daar 'n fout gemaak met die datum. Ek is baie jammer. Dit was 3 Februarie 1985.

HOF : Ja, as 'n mens twee jaar uit kan dit 'n ontsettende verskil maak. Nou moet ons weer voor begin. Kan u nie maar sê wie se vergadering dit was en watter plek dit gehou is nie, dan(30)

maak/...

maak u dit vir die getuie baie makliker? Hy kan tog nie weet van al die vergaderings wat in Tembisa gehou is nie.

MNR. JACOBS : Die vergadering was gehou op 3 Februarie 1985 om 09h00 te Nepa Cinema Tembisa. Dit was 'n vergadering georganiseer deur Tembisa Civic Association? -- Ja, as u praat van 'n vergadering te Nepa Cinema onthou ek van 'n vergadering wat daar gehou was. Wat ek net nie presies kan plaas is watter vergadering dit was nie. Daar was 'n vergadering gehou. Deur wie dit belê was kan ek nie sê nie, maar ek onthou dit omdat daar mense beseer was by daardie vergadering. Ek self was(10) nie by daardie vergadering teenwoordig nie.

Was dit geadverteer met pamflette? -- Tembisa is 'n groot plek. Ek sal nie met sekerheid kan sê of daar pamflette was of nie, maar toe ek daarvan gehoor het, was dit 'n mondeline bespreking deur mense dat daar 'n vergadering gehou gaan word.

Het jy ook kennis gedra dat beskuldigde nr. 20, Terror Lekota, was 'n spreker namens UDF op daardie vergadering? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Weet jy van 'n herdenkingsdiens wat gehou was ter ere van hierdie Brian Mazibuko? -- Ek het daarvan gehoor. Ek was (20) nie teenwoordig nie.

Wie het hierdie herdenkingsdiens vir hom gereël?

HOF : Laat ons net eers die datum kry.

MNR. JACOBS : Dit was op 14 Oktober 1984 te Mathole Saal te Tembisa? -- Al wat ek onthou is dat daar 'n herdenkingsdiens was vir Mazibuko. Waar dit gehou was weet ek nie. Soos ek alreeds gesê het in daardie tyd was ek nie meer so aktief gewees nie.

Het jy kennis gedra daarvan dat daar 'n verteenwoordiger van UDF by daardie herdenkingsdiens was wat 'n toespraak (30)

gelewer/...

gelewer het met die naam van Confidence Madosa?

HOF : Wat help dit my? Die getuie was nie op die vergadering nie. Al sê hy wat hy gehoor het, wat help dit ons? Dit is 'n spul hoorsê wat niks beteken nie. Ons moenie ons tyd mors nie.

MNR. JACOBS : Die kwessie van lidmaatskap van Tembisa Civic Association, is dit nie so nie dat mense moet skriftelik aansoek doen om lidmaatskap te verkry van die organisasie nie? -- Volgens my kennis nie. Soos ek gesê het in 1981 het ek aangesluit tot in 1983. In daardie tyd het ek nie daarvan bewus geword dat mense skriftelik aansoek moet doen nie. (10) Met my het dit ook nie so gebeur nie.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MPULAHENI MOKWEBO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek wil net een stelling aan u maak omtrent daardie vorige afdeling van UDF teenwoordigheid in Tembisa waарoor u getuig het. U kan nie vir die hof vertel of UDF in Tembisa teenwoordig was of nie. U weet nie? -- Ja, in daardie tyd sal ek sê ja, ek het nie daarvan geweet nie.

Ons het begin met die aansoek doen vir lidmaatskap by (20) Tembisa Civic Association. Ek het dit aan u gestel dit moes skriftelik gewees het. Nou wil ek dit verder aan u stel dat daar moes 'n jaarlikse fooi betaal gewees het van R3,50 per persoon? -- Ek hoor daarvan vir die eerste keer dat u dit aan my stel.

U het ook nooit sê u die konstitusie van Tembisa Civic Association gesien nie? -- Ek het dit nie gesien nie. Al waarvan ek bewus geword het is wat die doelstellings van die TCA was.

Ek wil aan jou toon, ek het hier van die aansoekvorms (30)

van/...

van Tembisa Civic Association om lidmaatskap te verkry. Ek wil dit aan jou toon. Ek wil dit aan jou stel, volgens hierdie aansoekvorm gaan die uitvoerende komitee besluit of 'n aansoek aanvaar word of nie.

MR TIP : Should the witness not be asked if he recognises this document before anything is put to him?

COURT : I take it that counsel is coming to is.

MNR. JACOBS : En dat "Membership fee must accompany application form. Membership fee is" en dan is daar 'n opening, datum en dan die handtekening van die persoon. "The following (10) information must also be furnished home address, occupation, business address, phone number." Het jy al ooit so 'n vorm gesien? -- Ek sien dit vir die eerste keer hier in die hof

Jy sien, ek wil dit dan aan jou stel jy was eintlik nie eers 'n lid van Tembisa Civic Association nie, want jy het nooit lidmaatskapvorms ingevul by hulle nie, jy het nooit lidmaatskapfooie betaal nie? -- Almal wat saam met my lede was in die tyd wat ek 'n lid was, het hierdie soort vorm ingevul nie en daar is ook niemand wat fooie betaal het nie.

Is dit nie so nie dat die Tembisa Civic Association (20) het geld nodig vir sy aktiwiteite nie? -- Nie in daardie tyd wat ek daarby betrokke was nie, want daar was niks wat hulle gedoen het waarvoor hulle geld nodig gehad het nie. Al wat hulle gedoen het was net om die vergaderings te hou en daar was geen geld nodig gewees nie. Ek sal nie weet na hulle miskien 'n kantoor oopgemaak het en dat hulle miskien vir kantoor-doeleindes die geld nodig gehad het nie, maar nie voor dit nie.

Is dit nie so nie dat daardie mense wat amptelik afgegaan het Kaapstad toe om Tembisa Civic Association te verteenwoordig (30) by/...

by die stigting van UDF nasional dat hulle geld nodig gehad het nie? -- Ek sal nie daaroor kan getuig nie. Ons was nie daarvan gesê dat daar sekere lede was wat sal afgaan vir die stigting van die UDF nie. Geen melding was gemaak van geld wat daarvoor benodig word nie. So, ek dra geen kennis daarvan nie.

Jy sien, ek wil dit verder aan jou stel dat u dra eintlik omtrent niks kennis van die innerlike werking van die Tembisa Civic Association nie? -- Ja, u kan dit so stel, want u verwag seker dat ek 'n sekere ding moes geweet het as 'n lid waarvan(10) ek nie weet nie. Dit is hoekom u so sê, maar ek sê ek was 'n lid gewees. Ek weet wat die doelstellings van die TCA was. Dit het te doen gehad met die aandag gee aan die probleme van die inwoners.

HOF : U het gesê die TCA is nie 'n politieke organisasie nie?
-- Ja, ek he so gesê.

Wat verstaan u onder politieke organisasie? -- Volgens my kennis, 'n organisasie wat te doene het met 'n politieke organisasie is 'n tipe organisasie wat nie aanvaar word deur die goewerment van hierdie land nie. Hierdie organisasie (20) waarvan ek praat is 'n organisasie wat net te doene gehad het met die inwoners se probleme.

Is alle organisasies wat aanvaar word deur die goewerment van hierdie land dan nie politieke organisasies nie? -- Nee, politieke organisasies wat wettig is, is dit wat aanvaar word. Dit is wat ek sê, maar dié wat nie aanvaar word nie, is dié wat gesê word is onwettig. Dit is wat ek sê.

So, toe u gevra is TCA of dit 'n politieke organisasie is, het u gedink dit word gevra of hulle 'n onwettige organisasie is? -- Behalwe om dit alleen as 'n rede te gee, het (30)

ek/...

ek dit aanvaar dat hierdie organisasie het te doen met Tembisa se mense se probleme. Dit is die inwoners se probleme waarmee hulle te doen het. Nou ja, dit kan nie 'n politieke organisasie wees nie.

K1285 As dit nou so is dat hulle geaffilieer was met die UDF in Augustus 1983, hoe affekteer dit u antwoord? -- Ek het nie daarvan geweet dat hulle geaffilieer is nie. Ek het nooit daarvan bewus geword nie. Soos ek alreeds gesê het, by 'n vergadering later het ek gehoor dat dit nooit aangesluit het by UDF nie. (10)

Nou kom ons terug na die vraag toe. As dit nou so is dat hulle inderdaad geaffilieer was, bly hulle - word hulle 'n politieke organisasie of word hulle nie 'n politieke organisasie nie? Wat is u siening? -- Volgens my siening hang dit af van die UDF wat se tipe organisasie hulle is. Byvoorbeeld as UDF 'n politieke organisasie is en hulle is geaffilieer aan die UDF, dan word dit aanvaar dat hulle ook gesien kan word as 'n politieke organisasie.

Wat u self betref, u is darem seker nie 'n totaal onkundige nie, wat sê u, is die UDF 'n politieke organisasie of nie 'n (20) politieke organisasie nie? -- Waarvan ek bewus geword het is dat UDF word beskou as 'n politieke organisasie omdat dit te doen het met politieke dinge en dus word UDF nie aanvaar nie. Dit sê ek omdat ek gehoor het dat mense gevang word wat by sulke vergaderings gevind word.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat Tembisa Civic Association het hom bemoei met die vryheidstryd om as deel van hulle stryd hulle te beywer en te agiteer teen die raadslede in Tembisa? -- Ek stem nie saam nie, want waarvan ek bewus geword het is dat hierdie organisasie het samesprekings gevoer met (30)

die/...

die raad van Tembisa en as daar byvoorbeeld iets is wat die gemeenskap nie mee te vrede was nie en die mense bespreek dit met die raad het die mense aandag geniet, byvoorbeeld as die huur verhoog is en die mense is ontevrede dan word daardie huurgeld verminder. Nou ja, dit beteken nie vir my dat dit die doel is van mense wat eintlik betrokke is met die vryheidstryd nie.

Ek wil dit aan u stel dat Tembisa Civic Association het aangedring dat raadslede moet bedank?

HOF : In 1983?

(10)

MNR. JACOBS : Nee, na dit.

HOF : Hierdie man weet nie van die TCA na 1983 nie. Wat help dit dan om te sukkel met 1984?

MNR. JACOBS : Sy getuienis was in die algemeen gestel gewees.

HOF : En in die algemeen het u vir hom gesê hy weet na 1983 nie veel van die TCA af nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net gaan na sekere ander aspekte van u getuienis. Die rioolstelsel wat daar in 1987 voltooi is in Tembisa, wanneer het dit in aanvang geneem? Wanneer is daar begin met die werk daaraan? -- Ek kan nie meer onthou wanneer (20) dit begin het nie, want dit was 'n tydjie terug dat hulle begin het en dat hulle toe voortgegaan het met die werk wat hulle klaar gemaak het, maar ek kan nie sê wanneer dit begin het nie.

Sal u saamstem dat Tembisa is 'n redelike groot woongebied met meer as 18,600 wooneenhede in daardie gebied? -- Ja, soos 'n inwoner van Tembisa stem ek saam met u met daardie syfer.

In die meer as 18,600 eenhede is daar rioolstelsel aangelê en voltooi in 1987 volgens u getuienis? -- Ja, soos ek gesê het, dit was in 1987 dat dit voltooi was. (30)

En/...

En dit is so 'n groot projek wat 'n hele paar jaar geneem het om voltooi te word? -- Ja, dit is die waarheid, dit het lank geneem, jare, maar mense het gekla oor die feit dat dit nie aanhouwend gedoen was nie. Op 'n stadium het hulle opgehou met die werk, dat daar niks gedoen word nie vir 'n groot tyd en mense het toe daaromtrent gekla.

En dit het alreeds begin, die projek voor 1983? -- Soos ek alreeds gesê het in die tyd van die Oos-Rand se raad was daar werk gewees wat hulle gedoen het.

U sal seker ook saam met my stem, dit het seker ook (10) baie kostes wat dit kos om daardie stelsel van begin tot einde in te voer en klaar te maak? -- Ek stem saam met u dat dit baie geld gekos het, ja, net soos ons wat baie geld betaal het.

Dieselde geld vir die elektrisiteitsvoorsienig daar. Die projek het ook al begin voor 1983? -- Nee, ek is nie meer seker of dit voor of na dit begin het nie. Ek kan nie sê nie.

Want ek wil dit aan u stel gedurende Maart 1983 was daar alreeds 1,050 persele waarin elektrisiteit voorsien (20) was? -- Wat verstaan ek? Bedoel u dat elektrisiteit in die huise self geïnstalleer is of net in 'n sekere wyk krag aangebring was?

Wat ek vir jou verduidelik, hulle kan nie in die hele wyk met een slag elektrisiteit voorsien nie. Hulle bring hom progressief en in Maart 1983 was daar alreeds 1,050 huise waar die elektrisiteit by die huis gebring en geïnstalleer was? -- Dit is hoekom ek gevra het. Die rede hoekom ek gevra het is dat daar by sekere areas krag gebring is tot naby die huise van daardie wyk of die area, maar die mense moes self(30)

betaal/...

betaal vir die krag om aangelê te word tot op die perseel en dan die pype laat opsit en die bedrading van die huis. Ek sal dit nie betwissel as u sê dat soveel huise al elektrisiteit gehad het nie, want daar was van die mense wat self betaal het daarvoor.

En is dit so nie dat daarna op 'n maandelikse basis progressief soos hulle gevorder het en die mense aansluiting versoek het, elke keer 'n paar huise van elektrisiteit voorsien? -- Ja, dit het gebeur dat mense gevra het daarvoor, maar hulle moes daarvoor betaal het. Dit het gebeur. (10)

En dit is 'n projek wat kon aangegaan het met verloop van tyd soos hulle vorder om die hele plek te elektrifiseer en om die punte te bring tot buitekant die huise in die straat? -- Dit is die waarheid, maar nie aan mekaar nie. Dit het gebeur dat 'n kontrakteur daar gekom het en dit gedoen het en dan op 'n stadium sal daardie kontrakteur trek sonder om die hele plek te voltooi. Dan moet daar vir nog 'n tyd gewag word dat daar weer 'n ander kontrakteur kom om dit verder uit te voer.

Albei hierdie projekte het baie geld gekos, ook hierdie een van die elektrisiteit? -- Ja, dit is waar, maar ons het (20) ook baie geld betaal, want elke huis het R10,00 betaal vir hierdie elektrisiteit. Dit is die "master plan" alvorens hulle daardie krag nader kon bring.

HOF : Per maand? -- Ja, per maand.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat daar is ook ander dienste te Tembisa verskaf vir die inwoners? -- Ja, daar is werk wat gedoen was. Daar is trekkers wat daar rondgery het en die emmers uit die toilette verwyn het.

Ook ander vullis soos as en daardie tipe ding? -- Ja, daar is trokke wat dit verwyn. Byvoorbeeld ons gaan gooie die (30)

as/...,

as in die straat. Daar is 'n bak wat neergesit is. Dan kom daar 'n groot trok wat daardie bak gaan verwyder met die inhoud.

Is daar ander dienste soos klinieke, crêches? -- Ja, daar is 'n kliniek wat nou net klaar gebou is. Dit is nie lank wat ons 'n kliniek daar gehad het nie. Behalwe hierdie een waarvan ek praat wat nou net voltooi is, was daar 'n ander kleinerige kliniek gewees. Daardie plek was kleiner as hierdie een.

Die strate, was hulle in stand gehou in 1983? -- Net die hoofstrate. Byvoorbeeld die hoofstraat tussen Mtambega en (10) Dulini. Dit is die hoofstrate deur Dulini via Mangweni wat eintlik in 'n beter toestand is. Die res was nie.

Was hulle in stand gehou? Was hulle geskraap as dit grondstrate was? -- Nee, ek praat van die hoofstrate wat geteer is, want van die res sal ek nie praat as strate nie. Die ander strate wat ek sê ek nie eers van kan praat as strate nie, selfs as 'n mens te voet stap daar, dit is 'n bietjie ongemaklik. Ek dink vandaag ook, as u met 'n kar daar gaan probeer ry, sal u dit nie maak nie.

As ek, jy moet my sê as ek verkeerd is, jou getuienis (20) reg verstaan, toe jy by die raadslede se vergadering waar hulle gewerf het vir die verkiesing teenwoordig was, wou jy van hulle weet wat van die geld geword het en dat hulle nou skielik ryk word en besighede het. Was die suggestie dan hulle die geld steel van die mense? -- Ons wou geweet het wat die geld voor gebruik word. Miskien het baie van die mense in gedagte gehad dat die mense die geld self gebruik vir hulle eie doeleindes, maar ons wou geweet het, want as ons hulle gevra het van die geld, waarvoor die geld gebruik is, kon hulle ons nie sê nie. In plaas daarvan dat hulle vir (30)

ons/...

ons gesê het wat hulle gedoen het met die geld, dan sê hulle ons wil meer weet was wat dit nodig is.

Maar hoekom het jy dan hier in jou antwoord verwys na die geval van mense wat nou skielik ryk geword het en besighede het? Ek vra nou spesifieker vir jou van jou getuenis, nie wat ander mense gesê het nie? -- Dit is duidelik tot nou toe, vandag soos ek hier staan, dit is presies wat nog gebeur in my gedagte dat ek wil weet hoe die mense dit regkry. 'n Man word gekies op die raad. Binne ses maande het hy nou 'n winkel. Ons weet nie wat verdien hy op die raad nie. Ons weet nie wat hy (10) verdien waar hy werk nie. Daar is van die mense waarvan u self weet wat nou nog vandag beskuldig word van gelde wat hulle misbruik het. Dit staan nog as 'n groot vraagteken in my gedagte hoe die mense dit reggekry het.

Het jy op enige stadium gegaan na die raadskantore toe en gekyk na die begrotings? -- Nee, ek het nie, want ek het al gevra daaromtrent en die antwoord wat ek gekry het was dat ek te veel wou weet. Nou ja, as gevolg van daardie antwoord het ek nie meer gegaan nie.

Die begrotings neem mos ook - jy is 'n man wat beskuldi- (20) gings wil maak teen die raadslede, hoekom gaan bekyk jy nie die begrotings nie? Hulle lê mos vir insae? -- As hulle vir ons gesê het dit lê oop daar vir insae, sou ons gegaan het om te gaan kyk wat gebeur het, maar nie een in Tembisa het vir ons gesê dat dit die posisie is nie. Dus het niemand ooit daarna gaan kyk nie.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig. Ek wil dit aan u stel dat u is ook een van die mense wat sommer net die raadslede begin sleg maak het sonder dat jy enige gronde daartoe gehad het? -- Dit beteken nie dat as ons die mense (30)

se/...

se vergaderings bygewoon het dat ons hulle gehaat het nie. As u miskien enige van die raadslede in Tembisa ken, kan u hulle gaan vra en hulle sal vir u sê hulle ken my en hulle ken my as 'n man wat net regverdig is en wat nie eintlik 'n kwaai vriend van hulle is nie, wat net wil weet wat reg is.

As jy dan so 'n goeie vriend van hulle was, hoekom suggereer jy dan dat hulle geld steel? -- Ek sê nie dat hulle geld steel nie. Ek sê ons sien nie die werk wat gedoen word met die geld wat ons betaal nie en as 'n mens nie die werk sien van die geld waarvoor hy betaal nie, kan hy daaromtrent (10) vra. Dit is nie 'n kwessie van dat ek sê dat hulle die geld vir hulle self gebruik nie.

Ek wil dit aan u stel in daardie tyd voor die verkiesings was daar 'n groot kampanje gevoer daar in Tembisa teen die raadstelsel en teen raadslede? -- Ek weet nie van hierdie kampanje waarvan u praat nie. Ek is een van die mense wat die raadslede se vergaderings bygewoon het.

Maar daar was ook ander vergaderings gehou om te sê die mense moenie stem vir die raadslede nie, want hulle is "puppets" van die regering? -- Nee, waar ek teenwoordig (20) was nie. Dit was nooit gesê nie, want die vergaderings wat ek bygewoon het, was die raadslede se vergaderings gewees en ek onthou wat ons daar gesê het was as hulle gekies word op die raad, dan moet hulle doen wat die gemeenskap van hulle verwag gedoen moet word.

En ek wil dit verder aan u stel dat die organisasies wat daar hoofsaaklik in Tembisa georganiseer het teen raadslede was dit TCA, COSAS, MOYA en ook UDF? -- Ek het dit nie te hore gekom nie.

Is dit korrek dat daar het op die uiteinde nadat hierdie (30) veldtogte/...

veldtogte gevoer was, min mense gaan stem in Tembisa? -- Dit sal ek nie kan sê nie, want ek dra geen kennis van die veldtogte wat gevoer was nie. Al wat ek vir die hof kan sê is, van die begin af was daar min mense van Tembisa wat deel gehad het aan die verkiesings.

Het jy gaan stem? -- Nee, ek het nie.

Hoekom nie? -- Dit is omdat daar baie dinge verwag was van 'n persoon om te hê of te voltooi voor hy kon deelneem aan die verkiesing. Nou ja, ek het toe nie gegaan nie. Byvoorbeeld, ons moet werk toe gaan en op daardie dag wil (10) ek nie gaan werk nie, dit is 'n verkiesingsdag.

Maar die verkiesing is mos tot laat in die aand. As jy terugkom van die werk af kan jy mos nog gaan deelneem? -- Ek onthou van 'n verkiesing wat daar gehou was. Toe ek teruggekom het van die werk af was ek moeg gewees en daardie plekke was ver van my af gewees, maar wat ons wel gedoen het, na die verkiesing het ons by ons wyksraadslid besoek gaan aflê en hom geluk gewens.

In jou wyk, was dit 'n nuwe man wat gekies was of dit was die herkiesing van 'n ou kandidaat? -- Die ou man wat daar (20) 'n raadslid was weer herkies.

Voor hierdie huur in werking getree het of hierdie R4,00 verhoging van huur, is dit nie so nie dat die raadslede het in hulle wyke gegaan en vergaderings gehou om te verduidelik aan die gemeenskap omtrent die huurverhogings nie? -- As ek nog reg onthou was daar geen so 'n vergadering gewees wat deur die raadslede gehou was waar hulle die gemeenskap ingelig het van die feit hoekom die huurgeld verhoog moet word nie.

Kom ek vir jou so vra, direk voor hierdie huurverhogings ingestel en gepromulgeer sou word, afgekondig sou word, (30)

het/...

het raadslede vergaderings in hulle wyke gehou? -- Nee, hulle het nie vergaderings gehou nie. Mense was net gesê by die betaalkantoor by die kassiere daar in die venster dat die geld nou verhoog is, hulle moet nog ander geld gaan kry.

Jy sien, want ek wil dit aan jou stel daar is vergaderings gehou deur raadslede in hulle wyke om te verduidelik hoekom is dit nodig dat daar huurverhogings moet wees en hoeveel dit gaan wees? -- Ek is 'n inwoner van Tembisa. Ek het die vergaderings van die raadslede bygewoon. Ek kan van geen vergadering van raadslede onthou waar mense ingelig was (10) van die rede hoekom daar verhoging benodig word nie.

Ek het mos verstaan dat jy in 1984 so besig was dat jy nie meer kon deelneem aan die aktiwiteite van TCA nie? Is dit moontlik dat daar dan vergaderings gehou was ... -- Soos ek alreeds gesê het ek het daar bedank as 'n lid van TCA, maar indien daar vergaderings gehou was deur TCA, nie deur TCA nie, in die algemeen wat die inwoners benodig het om by te woon, het ek sulke vergaderings bygewoon.

Jy sien, want dit is vir my eienaardig. Jy het nie eers geweet van ander vergaderings wat gehou was, massaver- (20) gaderings wat gehou was nie? -- Dit het vir my duidelik geword dat as ek vergaderings bywoon, is dit vir my veilig om die raadslede se vergaderings by te woon, want ek het toe gehoor dat by die massavergaderings is die mense nie veilig nie, want op die ou einde gaan hulle beseer word nadat hulle die vergadering bygewoon het.

Dit is nou iets anders. Jy het nie eers kennis gedra van party nie. Ek praat van kennis dra. So, dit is moontlik dat raadslede daar vergaderings gehou het en dat jy dit nie eers weet nie? -- Ons het almal in die wyk gewoon waar hierdie (30) raadslid/...

raadslid 'n lid was - waar hy gekies was en indien daar enige vergaderings is wat hy gehou het, sal dit nie 'n vergadering wees waarvan ons nie geweet het nie, want hy is net by ons. Die vergadering word in die wyk gehou wat sy wyk is waar ons woon.

HOF : Hoekom praat u van beserings by ander vergaderings? -- Ek praat daarvan want daar was vergaderings gewees wat op die ou einde mense beseer was.

Hoe? -- Partykeer word hulle deur die polisie aangeval en getakel of uiteen gejaag deur die traangas. Op daardie (10) manier is mense toe beseer.

MNR. JACOBS : Was jy op enige vergadering waar die polisie opgetree het op enige stadium? -- Nee, ek kan nie 'n onthou van 'n vergadering nie, maar wat ek wel kan onthou is dat by 'n begrafnis het die polisie opgetree as gevolg waarvan ek toe bang geword het.

Is dit reg daar was in Tembisa 'n weg'bly-aksie georganiseer vir 5 en 6 November 1984? -- Ja, ek onthou van die twee dae. Daar was 'n weg'bly-aksie gewees. Dit is reg.

Was dit goed geadverteer daar in die woonbuurt? -- (20) Ek het daarvan gelees in 'n koerantberig.

Was dit geadverteer in die woonbuurt self met pamphlette en plakkate? -- Nee, ek het net in die koerante gelees en ook van mense gehoor was hulle met mekaar praat dat op so en so 'n dag word daar nie werk toe gegaan nie.

Wie het georganiseer dat die mense nie moet werk toe gaan nie? -- Dit sal ek nie weet nie. Soos ek sê ek het dit in die koerantberig gewees en toe maar tussen die mense gehoor as die gemeenskap met mekaar praat.

Het jy weggebly op 5 en 6 November? -- Ja, dit is die (30) waarheid/...

waarheid vir my lewe soos dit maar gewoonlik gebeur. As hulle sê daar word nie werk toe gegaan nie, dan gaan ek nie werk toe nie.

Hoekom het jy dan deelgeneem en hoekom het jy gevrees vir jou lewe? -- Dit kan gebeur dat ek werk toe gaan en as ek terugkom, dan vind ek die bakleiery is aan die gang in die woonbuurt en dan vind ek myself tussen daardie oorlog wat daar aangaan. Miskien as ek partykeer terugkom van die werk af dan loop ek die tsotsi's raak. Dit is die tyd wat hulle werk en dan maak hulle my dood. (10)

Daardie dag, het daar toe geweld uitgebreek in Tembisa? -- Al het ek net by die huis gesit het ek gehoor en ek kon sien dat daar wel onluste was wat begin het.

Was daar groot groepe swartmense op die straat gewees? -- Nee, daar by die area waar ek woon was ons almal by die huis. Ek het niemand gesien of mense in die straat gesien nie. Ek het net gehoor dat daar wel onluste was by ander plekke. Kyk, Tembisa is groot.

Is dit reg dat besighede is aangeval daardie dae, daardie twee dae? -- Ja, ons het later gehoor dat daar wel besighede, (20) winkels was wat aangeval is en waarvandaan gesteel was.

Is dit winkels van raadslede? -- Volgens wat ek gehoor het, ja. Van die winkels was raadslede se winkels gewees en van hulle was net privaat mense se winkels gewees.

Was huise van polisiebeamptes aangeval daardie dag en raadslede? -- Dit het ek ook later van gehoor dat dit gebeur het.

Was daar padversperrings in die woongebied aangebring? -- Ja, dit het ek ook gehoor dat daar padversperrings aangebring was. (30)

Jy/...

Jy het dit ook lateraan self gesien? -- Ja, na 'n paar dae by sekere plekke het ek gesien dat daar klippe was by die strate wat net van die pad af weggeneem is. Dit wil sê op die kant van die pad was.

U het ook gesien dat huise beskadig was en besighede? -- Daar is van hulle wat ek met my verbygaan gesien het. Ek sal nie sê dat ek almal van hulle gesien het nie.

Die twee dae, die 5de en die 6de het jy pal in jou huis gebly? -- Dit is die hele waarheid. Ek was by my huis tuis gewees. Ek het in my tuin gewerk. Ek het nie die perseel verlaat nie. (10)

Daar waar jy in jou tuin gewerk het, het jy niks gesien wat gebeur het om jou nie? -- Die wyk waar ek woon was nog 'n nuwe wyk en die mense het net ingetrek. Ons het nog nie mekaar geken nie. So, elkeen was in sy huis gewees.

Is dit omdat julle bang was oor wat aangaan in die woongebied? -- Ja, ek kan so sê dat ons bang was, want as ek nie bang was nie, sou ek maar rondbeweeg het en dan sou ek gesien het wat gebeur.

Is dit reg dat die skole-onrus het reeds al begin (20) gehad gedurende Julie 1984? -- Ja, as ek reg onthou is dit waar, dit is in daardie tyd wat dit begin het.

En dit het begin by Boitumelong Hoërskool? -- Dit is hoe ons dit gehoor het dat dit daar begin het by Boitumelong High School.

En tydens hierdie onluste waar die kinders nou skole geboikot het, het hulle heeltemal geweier om klasse by te woon? -- Ja, dit is die waarheid, maar wat ons gehoor het is dat die kinders wel skool toe gegaan het en geweier om in die klaskamers in te gaan. (30)

Jy sê daar is twee persone van wie jy die voog is wat jy deur die skool sit. Wie is hulle? -- Dit is die jongste kinders by die huis.

Wie se kinders is dit? -- Dit is my ouers se kinders.

So, jou broers en susters? -- Dit is 'n tweeling, 'n seun en 'n dogter.

In watter standerd is hulle? -- Destyds was hulle in Tembisa High School.

In watter standerd? -- Vorm 2 destyds.

Hoe oud was hulle toe? -- Ek is nie seker van die ouderdom nie, tussen 15, 16 en 17. Ek het nog nie getel presies hoe oud hulle was nie.

Was hulle lede van COSAS gewees? -- Hulle was nie lede van enige organisasie nie, want hulle het my nog nie gesê, daarvan dat hulle lede was van enige organisasie nie.

Het jy enige ander kinders van jou eie gehad wat in die hoërskool was? -- Nee, ek het 'n kind in die primêre skool gehad.

Vanaf 19 Julie wat die skole begin geboikot was, die tweeling, wanneer die kinders geweier het om in die klasse in te gaan, het hulle by die skool gebly of het hulle huis (20) toe gekom? -- Dat ek bewus geword het van wat gebeur by die skole, was as gevolg van die verslag wat die kinders aan my gedoen het dat hulle nou bang was om skool toe te gaan en dit is vir hulle beter om liewers by die huis te bly omrede as hulle skool toe gaan, bly hulle net op die perseel van die skool, maar hulle gaan nie in die klaskamers in nie. So, die gevoel was dat hulle liewers by die huis wil bly en nie skool toe gaan nie. Dit is hoe ek bewus geword het daarvan dat daar probleme was.

So, gedurende die onluste het hulle dan by die huis (30) gebly/...

gebly, die broer en die suster? -- My antwoord op dit wat hulle vir my gesê het was ons wil hê dat hulle op skool moet wees en dit is wat ek verwag. So, hulle het skool toe gegaan. Partykeer as ek terugkom dan vind ek dat hulle alreeds by die huis is. Partykeer bly hulle langer by die skool.

En het hierdie onrussituasie en onluste wat dan plaasgevind het vanaf Julie, die hele Augustus, die hele September, die hele Oktober en ook nog November aaneen geduur? -- Ja, dit het so begin soos dit genoem word tot op 'n stadium toe ons daarvan bewus geword het dat dit nou erg word, want dit(10) begin nou by die primêre skole.

Maar dit het deurgegaan tot in November. Dit het nog verder aangegaan as November 1984 ook? -- Ek kan nie meer onthou en vir u sê of dit so gegaan het tot na Novembermaand nie, want die ouers was ook besig om te probeer dat die kinders terug moet gaan skool toe.

HOF : Maar is die kinders nie in die volgende jaar eers terug skool toe nie? -- Dit was so gewees. Die vraag was eintlik gewees of die kinders teruggekeer het skool toe na November of voor Novembermaand. My antwoord is in daardie tyd het (20) die ouers nou iets begin doen om die kinders reg te help dat hulle teruggaan skool toe.

Ja, maar dit het geen effek gehad op die volgende jaar nie of is ek verkeerd? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En in hierdie tye was kole ook beskadig gewees in die onluste? -- Ja, dit is die waarheid. Daar is van die skole wat ons gesien het met gebreekte vensterruute.

Was daar van hulle wat aan die brand gesteek was of gedeeltelik aan die brand gesteek was? -- Iets van daardie aard was gesê, maar ek kan nie oor iets wat ek nie gesien (30) het/...

het nie getuig nie.

En oor hierdie tydperk het die skoliere verskeie kere in botsing gekom met die polisie, die polisie gegooi met klippe? -- Behalwe om vir die hof te sê daar was onluste gewees, is ek nie in staat om te getuig dat die kinders wel die polisie met klippe gegooi het nie.

Toe julle nou daardie vergadering bygewoon het en julle as 'n interim komitee, ouer/onderwyser interim komitee gekies was, het julle gegaan na die skole toe om uit te vind watter organisasies bestaan by die skole dat julle met hulle kon onderhandel? -- Ja, ons het verneem van die kinders wat die moeilikheid was en of daar enige organisasie bestaan het. Die antwoord van die kinders was nee, daar was nie 'n organisasie betrokke in hierdie ding nie. Daar is ook geen organisasie wat bestaan nie. Dit is net hulle, die kinders, wat dit verlang dat dit so gedoen moet word.

Wil u nou eerlik vir die hof dit sê dat daar het nie 'n organisasie bestaan in skole in Tembisa nie? -- Op hierdie dag van die vergadering het ons op baie maniere probeer vasstel van die kinders om te kan hoor of daar enige organisasie betrokke was of enigiets was wat eintlik in die vorm van 'n liggaam genoem kan word. Ons kon dit nie vasstel nie. Al wat die kinders gesê het was dat hulle as kinders verlang dit en geen melding was gemaak van enige liggaam of organisasie nie.

Het julle nie geweet van COSAS wat bestaan het in Tembisa nie? -- In daardie tyd het ek glad nie gehoor van die COSAS organisasie nie. Ek het eers daarvan begin hoor in 1985 toe daar van die kinders gearresteerd was en die bewering was dat hulle die leiers is van die organisasie COSAS. Wat ek wel(30)

geweet/...

geweet het van die liggaam of van die organisasie was as gevolg van wat geskryf was op die mure. Ek het nie geweet waar hierdie organisasie bestaan nie. Ek het net die naam gesien wat op die mure geskryf was.

Gedurende die onluste met die "stay-away" is daar 'n hele paar mense wat beswyk het aan die wonde wat hulle opgedoen het en wat doodgeskiet is in die botsings met die polisie. Is dit reg? -- Ja, ons het daarvan gehoor. Dit was ook oor die nuus genoem en ook in die koerante was dit bevat.

Is daar 'n gesamentlike massabegravnis gehou vir ses (10) van daardie mense wat daar, ongeveer 17 November 1984 rond? -- Ek het daarvan gehoor dat daar so 'n begrafnis was, maar ek was nie teenwoordig nie.

Jy het dit nie bygewoon nie? -- Nee, ek was bang om te gaan.

Weet jy wie daardie begrafnis gereël en georganiseer het? -- Ek weet regtig nie, want al wat ek gehoor het was dat die mense se begrafnis bymekaar gehou gaan word vir almal.

Toe julle nou, die ouer/onderwysers interim komitee daar gestig was daardie dag, watter ander organisasies was (20) daar? -- Op hierdie dag wat die interim komitee gekies was, was daar geen organisasie teenwoordig nie. Ons was daar gewees as ouers, kinders en onderwysers.

Daar was ook geen kinders gewees nie? -- Skoliere was daar teenwoordig, ons die ouers en onderwysers.

Wat was die klagtes almal wat die kinders gehad het wat julle moes oplos? -- Voor die verkiesing van die komitee het die kinders die volgende gesê. Hulle het gevra om aan die ouers te verduidelik wat die SRC is. Twee van die kinders was 'n kans gegee om te praat en hulle het gesê dat hulle wil hê(30)

dat/...

dat hulle hulle self kan gedra deur gebruik te maak van die komitee van hulle wat bekend staan as SRC. Hulle het verder gesê dat dit 'n bekende ding geword het onder die kinders dat die prefeksisteem nie 'n goeie ding vir hulle is nie en hulle wil hê dit moet gestop word sodat hulle nou die komitee kan stig wat dan sal kommunikeer met die onderwysers namens die skoliere.

Goed, hulle wil SRC's hê. Dit is een van hulle eise. Wat se eise het hulle nog gestel? -- Die hoofrede wat eintlik veroorsaak het dat daar 'n vergadering gehou moet word was (10) die kwessie van die SRC en as dit opgelos was, dan sou hulle skool toe gaan.

Het hierdie kinders net een eis gehad en dit is hulle wil SRC hê? -- Ek was nog besig om vir u te sê. U het my sommer in die rede geval. Meer as dit, die volgende eis was dat die polisie en die soldate die skoolperseel moet verlaat. Hulle moet verwijder word van die perseel van die skool en nog 'n ding was dat hulle wou gehad het dat die ouderdomsbeperking geskrap moet word wat alreeds daar begin het.

Het julle ingegaan op verdere eise? -- Ja. Hulle het (20) gepraat van die beëindiging van "corporal punishment". Dit is wat ek onthou op hierdie huidige oomblik. Ek weet nie of ek iets nog uitgelaat het nie.

Is daar niks gesê dat die kinders eis ook dat daar weggedoen moet word met die bestaande onderwysstelsel, wat hulle sogenaamde "gutter education" noem nie? -- Op hierdie dag by hierdie vergadering was dit nie genoem nie, want ons wou gehad het dat hulle vir ons moet sê wat die eise was. Wat dit betref het hulle dit nie genoem nie.

Het hulle dit op 'n later stadium genoem? Jy sê op (30) hierdie/...

hierdie dag het hulle dit nie genoem nie? -- Nee, my antwoord is as gevolg van die vraag op hierdie dag of hulle dit gesê het. Nou sê ek op hierdie dag het hulle dit nie gesê nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat hierdie eise van SRC's en lyfstraf en onderwysers en ouderdomsbeperking, dit is wat COSAS se mense self sê is net kort termyn doelstellings, maar die eintlike doelstelling wat hulle na sal streef en hulle sal nooit ophou met hulle dinge nie, is die vestiging van 'n "people's education" en dit kan alleen bewerkstellig word deur 'n demokratiese Suid-Afrika wat dan tot stand moet(10) kom? -- Ja, maar ek sê by hierdie vergadering het ons nie met COSAS vergader nie. Ons het met skoliere vergader. Dit is seker die rede hoekom dit nie strook met wat COSAS sê nie, want hulle is nie COSAS nie.

En ek wil dit aan u stel u het met COSAS vergader want COSAS was aktief in al drie die hoërskole in Tembisa? -- Ek sal nie met u stelling stry nie as u sê dat daar COSAS was by hierdie skole nie. Dit sal ek nie betwis nie, maar wat ek sê is dit, ons het daar vergader met skoliere, ouers en onderwysers. (20)

MR TIP : The witness has put the position quite clearly. Things have been put to this witness where there is really no evidence to support it and the witness is being tackled in a way, he testifies about a meetings and things are then put to him about COSAS policy and COSAS presence is said to have been at that meeting and there is no evidence about that.

COURT : But even if there is no evidence and if counsel has evidence in his possession of which he is reasonably sure, is he not entitled to put it in terms of your rules?

MR TIP : He is certainly entitled to ask about it but is (30)

he/...

he entitled to put it?

COURT : If you have got a statement in your possession, are you not entitled to put the contents of the statement whether it is before court or not?

MR TIP : Certainly it can be canvassed, but ... (Court intervenes)

COURT : Well, how else can you canvass it otherwise than putting it? Putting it is merely a stronger way than asking it. It has no effect if it is denied as far as I am concerned.

MR TIP : I will leave it at that. (10)

MNR. JACOBS : As my geleerde vriend daarop aandring, ek kan dokumente wat reeds by hierdie hof as bewysstukke ingehandig is een na die ander aan die getuie stel, ek sal hulle net bymekaar moet kry, hoewel hy dit dan nie gesien het nie waarin die COSAS beleid en omstandighede uiteengesit word.

HOF : Ja, spaar ons dit. U kan dit maar vir hom in teetyd wys.

MNR. JACOBS : Ek sal so maak. Ek wil dit verder aan u stel dat die skole-onluste in Tembisa was georganiseer deur COSAS?

-- Dit is waarvan ek nie weet nie. Ek is nie bereid om te sê (20) dat dit wel deur COSAS gedoen was nie. Ek het COSAS nie eers geken nie, want as hulle vir my by daardie vergadering gesê het dat dit COSAS is wat eintlik daarop aandring dat ons hierdie vergadering moet hou, sou ek nie gestem het om verkies te word op hierdie vergadering as 'n lid van die komitee nie. Ek het aanvaar dat ek gekies moet word op hierdie komitee as 'n ouer na ek gehoor het wat die klagte van die kinders was om aandag te gee aan die klagtes van die kinders.

Dit is interessant. Wat het jy dan teen COSAS dat jy nie bereid sal wees om op enige komitee te dien as COSAS ook (30) daar/...

daar teenwoordig is nie? -- Niks spesifieker nie, behalwe dat ek die vergadering bygewoon het omdat dit gesê was dat dit 'n vergadering is van die ouers, skoliere en die onderwysers en as ek daar kom en dit word gesê dat hierdie vergadering word beheer deur 'n liggaam wat bekend staan as COSAS, dan sou ek dit nie aanvaar het nie, want ek het nie geweet wat COSAS is nie. Hoe kan ek aanvaar om lid te word van 'n ding wat ek nie eers weet hoe hy werk nie.

Wil u nou werklik, met u agtergrond en politieke aktiwiteite van 1981 tot 1983, u verbondenheid aan ... (Hof kom (10) tussenbei)

HOF : Wat se aktiwiteite? Watter woord het u gebruik?

MNR. JACOBS : Politieke aktiwiteite.

HOF : U moet nie daardie woord gebruik nie, want die getuie gebruik dit in 'n ander sin as wat u dit gebruik.

MNR. JACOBS : Met u aktiwiteite daar in die gemeenskap, wil u vir die hof sê u het nog nooit van COSAS gehoor nie? -- In daardie tyd het ek te doen gehad met TCA waar hulle vir my gesê het wat die doelstellings daarvan was. Ek het nie eers gehoor van COSAS en die bestaan daarvan het ek nie eers van (20) geweet nie. So, ek het nie geweet wat hulle doen en late was nie.

U het nie eers in die koerante gelees daarvan nie? -- 'n Ding wat 'n mens in die koerantberig lees, daardie mense kan nie vir 'n mens loop en sê ek het ondervinding van iets as hy dit net in die koerant gelees het nie.

U het nie eers van COSAS in die koerante gelees nie? Dit is 'n eenvoudige vraag? -- Ek het al van COSAS gelees in die koerante, maar ek het nog nie daarvan gelees met die teenwoordigheid van COSAS te Tembisa nie. (30)

HOF VERDAAG.HOF HERVAT.MBULAHENI MOKWEBO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Daar is een aspek wat ek net kortliks met u wil behandel. U het gesê dat u het altyd gaan terugrapporteer in u wyk. Watter wyk is dit?
-- Xubeni Section.

Hoekom? Hoekom het u daar gaan terugrapporteer oor wat gebeur het by ander mense? -- Dit is omdat hulle ook dieselfde tipe klagtes gehad het wat na verwys was by die oplossing van hierdie wat gesê was by die komitee. Dus was dit vir my nodig(10) gewees om die mense te sê daar dit is die oplossing wat gegee is.

Het jy openbare, wyksvergaderings gehou in daardie wyk?
-- Wat ons gedoen het was om die mense in die wyk, dit wil sê die area waar ek gewoon het te nooi saam met die raadslid van die wyk sodat ons by die skool bymekaar moet kom.

Jy praat van ons het dit gedoen. Wie is die ons? -- Met ons bedoel ek ekself en my handlangers in daardie wyk wat my behulpsaam was.

Wie was jou handlangers? Ons het nog nooit van hulle gehoor nie? -- Die inwoners in hierdie area waar ek gewoon het(20) wat my behulpsaam was as daar enige vergadering gehou moet word dat hulle die mense daar in kennis moet stel. Dit is hulle na wie ek verwys.

Wie was dit? Was dit jong mense gewees? -- Dit was ouers gewees en ouerige seuns en vroumense.

Hoeveel sulke vergaderings het jy gehou in twee jaar se tyd? -- Ek sal nou nie presies kan onthou hoeveel van hierdie vergaderings deur ons gehou was nie, maar ek kan wel onthou van twee of drie van hulle wat gehou was waar die raadslid van ons wyk teenwoordig was. (30)

HOF : Wanneer is die laaste een gehou? In watter tyd? --

Om en by die einde van 1983 was die laaste een.

MNR. JACOBS : Waaroor het jy terugrapporteer daar? -- Ek het daar gaan terugrapporteer oor wat gesê was by die vergadering van die "civic association" aangaande die latrine, die werk wat hulle gesê het aangepak sal word. Dit moes ek terugrapporteer het aan die inwoners by die area. Dit geld ook vir die elektrisiteit.

Wat het jy terugrapporteer? -- Ek sal nie woordeliks kan onthou wat ek presies gesê het nie, maar wat ek wel (10) kan sê is dat in die algemeen dat ek gesê het die "civic" 'n vergadering gehad het met die raadslede en dié se terugvoering is dat die werk aangepak sal word in die loop van die tyd. By hierdie vergadering was die raadslid ook teenwoordig gewees. Hy het ook daar vir die mense teenwoordig gesê dat dit wel korrek was dat 'n vergadering gehou was met die raadslede deur die "civic" en dit is korrek dat die werk aangepak sal word.

Het die werk nie aangegaan deurlopend nie? -- Nee, soos ek alreeds vroeër gesê het, daar was werk gedoen en dan het (20) hulle weer opgehou vir 'n lang tyd dat die mense weer begin kla om te wil weet wanneer sal die mense weer begin met die werk om dit voort te sit.

Hierdie mag om te gaan terugrapporteer, het jy dit sommer vir jouself geabsorbeer om dit te gaan doen? -- Nie vir my eie nie, maar vir die gemeenskap.

Ek wil finaal met jou net hierdie aspek behandel, as ek u getuienis reg verstaan, dan weet u eintlik baie min van die organisasies en hulle organisering in Tembisa? -- Wat die ander organisasies betref sal ek nie met u stry daaroor nie. (30)

Ek weet wel van een organisasie waarby ek betrokke was, dit is die "civic" en ek weet wat die "civic" alles gedoen het omdat ek daarby betrokke was.

Ek wil dit aan u stel u weet nie alles wat die "civic" gedoen het nie. U weet nie eers byvoorbeeld hulle was gaffilieer by UDF nie. U weet nie eers wat se openbare vergaderings hulle gereël het nie? -- Ja, ek stry nie met u as u sê dat ek niks weet nie, maar ek sê vir u dat ek iets weet. Waarvan ek weet as 'n inwoner was dat daardie mense te donee gehad het met die regstel van dinge. (10)

U weet nie wat se mense hulle genooi het na hulle vergaderings toe nie en u weet ook nie wat het hulle gesê aan die mense op hulle vergaderings nie? -- Ek het hier vir die hof gesê wat daar gebeur het terwyl ek daar teenwoordig was. Ek wil nie leuens vertel en sê dat ek iets weet terwyl dit plaasgevind het in my afwesigheid nie.

U weet nie wat het op die komiteevergaderings gebeur en wat hulle daar besluit het nie? -- Dit is nie reg nie, want die besturende komitee, as hulle bymekaar gekom het en iets daar bespreek het, het hulle teruggekom en dit met ons kom (20) bespreek in die algemene komitee. Met ander woorde, wat hulle daar gesê het is weer bespreek hier by ons. So, dit kan nie verskil nie.

Nou kom jy met iets heeltemal nuut? -- Dit is 'n antwoord op u vraag.

En jy weet nie wat aangegaan het op die massavergaderings wat hulle gereël het nie? -- Ek het hier vir die hof gesê ek het nie geweet van 'n massavergadering wat gehou was terwyl ek nog te donee gehad het met hierdie "civic association" nie. Ek het wel geweet van vergaderings wat oop was vir enigeen (30)

om/...

om by te woon wat by die skole gehou was.

Jy het ook niks geweet wat COSAS in die skole in Tembisa georganiseer het nie. Is dit reg? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het nie geweet nie, behalwe dat ek geweet het dat dit die skoolkinders was, die skoliere self wat die probleme gehad het wat daarmee te doen gehad het.

En jy het ook nie geweet wat die doelstellings van COSAS was met die organisering in skole nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê ek weet niks van COSAS nie. Dit is dan duidelik dat ek niks kan weet wat die doelstellings is van COSAS as(10) ek nie eers weet wat COSAS is nie.

Jy weet ook niks omtrent MOYA nie? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, ek het geweet dat daar so iets is soos MOYA. Dit is die organisasie van jeugdiges by die Roomse Katolieke Kerk.

En die naam van MOYA is lateraan verander na die Tembisa Youth Congress? -- Ek hoor dit van u vir die eerste keer.

Jy het ook nie geweet dat MOYA geaffilieer het by UDF nie? -- Soos ek alreeds nou net gesê het, ek het gehoor dat MOYA'n organisasie is van jeugdiges by die kerk. Of hulle(20) later geaffilieer was by UDF of wat die posisie was, daar is niks wat ek daaromtrent kan sê nie.

En dat hulle ook in Tembisa georganiseer het onder die jong mense in Tembisa wat nie meer in die skole was nie? -- Dit sal ek nie weet nie, want ek het nie eers geweet van hierdie organisasie se doen en late nie.

En ek wil dit aan u stel dat u kan nie betwissel dat hierdie drie organisasies, dit is Tembisa Civic Association, COSAS en MOYA in Tembisa saam gewerk het nie? -- Wat gebeur het is, ek het geweet van die "civic association" wat daar iets te (30) doen/...

doene gehad het. Die res van u stelling waaroor die ander goed gegaan het, weet ek nie.

Maar my stelling is jy kan nie betwissel dat hulle saam gewerk het nie? -- Indien hulle saam gewerk het in daardie tyd wat ek nog 'n lid was daar, sou ek daarvan geweet het.

En dat hulle in hulle samewerking die inwoners van daardie gebied, van Tembisa op hulle vergaderings en op ander gebiede, opgesweep het?

HOF : As die getuie vir u sê hy weet niks van hulle af nie, waarom gaan u aan? Of moet u nou deur die hele rympie gaan (10) omdat u hom afgeskryf het?

MNR. JACOBS : Nee, omdat ek dit as belangrik beskou.

HOF : Moontlik is dit belangrik, maar nie vir hierdie getuie nie.

MNR. JACOBS : Kan u net vir ons een ding sê nog. Het die Tembisa Civic Association enige terugrapportering gedoen omtrent die verkiesing van raadslede in November 1983? -- Dit onthou ek nie dat dit gebeur het nie, want eintlik het dit niks met hulle te doene gehad nie. Dat hulle moet terugrapporteer oor wat gebeur het met die verkiesings. Dit was (20) vir die kandidate gewees om vir die mense te kom sê hoe hulle gevaaar het by die verkiesing.

HOF : Het die TCA 'n standpunt gehad oor die verkiesing deelname of nie deelname nie? -- Wat ek van weet aangaande die TCA was as daar gekies is, wie ook al gekies is op die raad, daardie lede sal bymekaar moet sit saam met die TCA dat hulle dinge met mekaar moet bespreek.

Ja, maar u antwoord nou nie my vraag nie. Het hulle 'n standpunt gehad oor of hulle lede moet deelneem aan die verkiesing nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. (30)

MNR. JACOBS : Jy kan eintlik nie vir die hof sê nie. Dit is nie net 'n kwessie van nie gehoor het nie, maar jy weet nie? -- Al wat ek sê is, ek het niks gehoor dat so iets bespreek word nie. Met die gevolg is, ek het nie gehoor wat die standpunt was nie. Al wat ek kan sê is dat ek van 'n persoon weet wat 'n lid was van die "civic" wat gaan staan het as 'n kandidaat vir die verkiesings.

Toe was hy nie meer lid van die "civic" nie? -- Hy was nog 'n lid - volgens my kennis was hy nog 'n lid gewees van die "civic".

(10)

HERONDERVragING DEUR MNR. TIP : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Mokwebo, in u hoofgetuienis het u gesê u was 'n lid van die Tembisa Civic Association? -- Ja, dit is reg.

U het ook gesê u kan sê u was 'n soort van 'n gebiedsverteenvoordiger vir die Xubeni seksie? -- Ja, dit is die tipe werk wat ek gedoen het dat ek as verteenwoordiger opgetree het.

En u sê u was 'n aktiewe lid tot 1983? -- Ja, dit is die waarheid.

(20)

Wat nie vir my duidelik is nie, is watter skakeling het u as aktiewe lid gehad met die uitvoerende of die besturende komitee? -- Die skakeling met die besturende komitee was die volgende. Hulle het ons altyd laat weet dat daar 'n vergadering gehou gaan word saam met ons as verteenwoordigers en dan vir ons gevra om van die mense, dit is die mense in die area waar ek 'n verteenwoordiger is, te gaan verneem wat die mense se probleme is en wat die klagtes is. Wat dan geskryf moet word en gebring moet word na die vergadering toe, waar hulle, die besturende komitee vir ons genooi het om dit

(30)

aan/...

aan hulle oor te dra.

Hoe dikwels het dit plaasgevind dat u sulke vergaderings bygewoon het? -- Dit het eintlik lank geneem voor so 'n vergadering gehou word, byvoorbeeld party kere eers na 'n maand en party kere eers na twee maande.

U het 'n antwoord gegee op 'n vraag van die staatsadvokaat oor die verkiesing van Brian Mazibuko op 12 Maart 1983. Dit is die dag toe u self met u pa se begrafnis doenig was? -- Nee, ek het nie gesê dit is die dag waarop hy gekies was nie. Ek het gesê ek ken hom as 'n lid. (10)

As 'n lid van? -- Van die besturende komitee op die TCA.

Dit is wat u gesê het, dit is heeltemal reg maar my indruk was u het glad nie geweet van daardie vergadering nie. Is ek reg of is ek verkeerd? -- Wat ek sê is, ek het nie geweet van daardie vergadering nie. In daardie tyd het ek 'n bietjie probleme gehad. Dit kan wees dat hulle my nie laat weet het van hierdie vergadering nie, omdat hulle daarvan bewus was dat ek probleme het.

Was u na hierdie vergadering op 12 Maart 1983 ooit weer by 'n bestuursvergadering van die TCA? -- Ja, soos ek (20) alreeds gesê het daar was vergaderings gewees. Dit het gebeur dat ons weer vergader het.

U kan nie onthou wanneer nie? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie.

HOF : U is gevra oor 'n "stay-away"? -- Ja.

Wat was die rede wat aangegee was vir die "stay-away"? -- Wat ek gehoor het daar tussen die mense wat gepraat het was dat daar sekere mense was wat die polisie gearresteer het en met hierdie "stay-away" was dit 'n manier wat probeer word dat die polisie daardie mense moet laat loop. (30)

Watter/...

Watter mense was dit? -- Al sal ek nie weet presies watter mense dit was nie, maar dit is wat ek gehoor het daar gesê word.

Ja, maar u het tog seker gevra watter soort mense is dit, is dit leiers van die TCA, is dit skoolkinders, wat se soort mense is dit? -- In daardie tyd was daar heelwat baie mense wat gearresteer was. Selfs in Tembisa was daar skoliere en ouers wat gearresteer was.

Ek begryp nou nie. U bly nou tuis om 'n punt te maak, dit is 'n "stay-away", twee dae lank verloor u u inkomste, (10) ons weet nie waarvoor u by die huis bly nie? -- Soos ek sê, ons het gehoor daar was aan die mense gesê dat hulle nie werk toe moet gaan nie. Ek was een van die mense wat ook weggebly het van die werk af.

Sonder dat u eintlik geweet het waaroor dit gaan? -- Soos ek reeds gesê het, ek kan nie alles onthou want daar was meer as een weg'bly-aksie gewees. Wat ek wel kan onthou met hierdie een van die twee dae is dat een van die redes was omdat daar sekere mense in hegtenis geneem was.

